**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Appèlnommer : A193/2004

In die appèl tussen:-

**WILSON MAQABE MAKATEES** Appellant

en

**DIE STAAT** Respondent

---

**CORAM:** CILLIé R *et* EBRAHIM R *et* C.J. MUSI R

---

**AANGEHOOR OP:** 27 MAART 2007

---

**UITSPRAAK DEUR:** CILLIé R

---

**GELEWER OP:** 29 MAART 2007

---

[1] Die appellant het in die Streekhof as beskuldigde 3 tereggestaan met twee ander beskuldigdes op 'n klagte van huisbraak met die opset om te steel en diefstal. Ek sal voortaan na die appellant se mede-beskuldigdes as beskuldigde 1 en 2 verwys. Al drie beskuldigdes is skuldig bevind soos aangekla. Die appellant is daarop gevonnis tot

7 (sewe) jaar gevangenisstraf. Hy kom nou in hoër beroep teen sy skuldigbevinding sowel as die opgelegde vonnis.

[2] Die feite van die saak is betreklik eenvoudig. Die nag van 7 Augustus 2000 is daar by die klaer se besigheid ingebreek en onder andere is rekenaars en toerusting daarvoor gesteel. Op 15 November 2000 is beskuldigde 1 op hierdie klagte arresteer deur ene Inspekteur Pelser. Dié sê toe vir Pelser dat beskuldigde 2 en appellant vroeër goedere by sy woning aangebring het. Hy neem vir Pelser na beskuldigde 2 se woning. Aldaar word ‘n rekenaar en toerusting gevind. Van hierdie items word later deur die klaer as sy vermiste eiendom identifiseer. Beskuldigde 2 en appellant word toe ook later arresteer.

[3] Tydens die appellant en sy mede-beskuldigdes se verhoor getuig Pelser oor hierdie mededeling van beskuldigde 1 aan hom. Toe beskuldigde 1 in sy eie verdediging onder eed getuig, ontken hy egter dat hy ooit so ‘n mededeling aan Pelser gemaak het.

[4] Toe beskuldigde 2 getuienis in sy eie verdediging aflê, beweer hy dat beskuldigde 1 en appellant op ‘n dag by hom opgedaag het en ‘n rekenaar te koop aangebied het. Hulle het egter nie die rekenaar by hulle gehad nie. Volgens beskuldigde 2 se getuienis stuur hy toe sy motorbestuurder, ene Lukas Ramokanope, saam met beskuldigde 1 en die appellant om die rekenaar te gaan haal by beskuldigde 1 se woning. Later keer hulle, volgens sy getuienis, terug daarmee. Dit is hierdie rekenaar wat later deur die polisie by hom gevind word.

[5] Gesegde Lukas Ramokanope word toe as ‘n getuie ten behoewe van beskuldigde 2 geroep. In sy getuienis erken hy dat hy op ’n tyd beskuldigde 2 se motorbestuurder was. Hy ontken egter heftig dat hy ooit gestuur was om ‘n rekenaar saam met beskuldigde 1 en appellant by beskuldigde 1 se woning te gaan haal. Hy verklaar uitdruklik dat hy niks van so iets weet nie. Hy is nie deur beskuldigde 1 en appellant se regsverteenwoordiger, of die staatsaanklaer, gekruisverhoor nie. Sy getuienis staan dus onaangetas.

[6] Die appellant het nie getuienis in sy eie verdediging afgelê nie.

[7] Die landdros het die saak op die volgende basis benader:

> "Die Hof het reeds bevind dat die Staatsgetuies se weergawes korrek is. Bevind dat reeds op 6 Augustus 2000 in die onmiddellike tyd wat hier ingebreek is by die klaer in die aangeleentheid is die drie beskuldigdes daar besig in die nag met van hierdie items. Beskuldigde no 1 se weergawe van hoe hy betrokke geraak het, het die Hof reeds verwerp as vals. So ook beskuldigde no 2 se weergawe. Beskuldigde no 3 gee geen weergawe aan die Hof nie. Is ek tevrede dat die enigste afleiding wat onder hierdie omstandighede gemaak kan word, is dat hulle drie die persone is wat daar ingebreek het gedurende daardie tydperk, daarom dat hulle dat ook reeds met hierdie items daar doenig is nog voordat die klaer die huisbraak ontdek het. Ek is tevrede dat dit ook die enigste redelike afleiding is wat onder die omstandighede gemaak kan word. Dit hang ook saam met die res van die feite van die saak. Die Hof maak dan ook so 'n afleiding. Bevind dat hulle drie die persone is wat daar ingebreek het en word al drie beskuldigdes <u>SKULDIG BEVIND</u> soos aangekla."

[8] Die landdros se benadering van die aangeleentheid is darem net te oorvereenvoudigd. Die regsimplikasies uit die

aangebode getuienis is heelwat meer kompleks as dit. Daar is geen getuienis dat die appellant een van die persone was wat soos die landdros sê "daar besig in die nag met van hierdie items" was nie. Daar is net twee brokkies getuienis wat die appellant betrek by die gebeure, naamlik:

8.1 Die getuienis van Pelser dat beskuldigde 1 aan hom sou gesê het dat beskuldigde 2 en appellant vroeër die items by hom aangebring het; en

8.2 Beskuldigde 2 se getuienis onder eed dat beskuldigde 1 en appellant die rekenaar by hóm aangebring het.

Ek sal vervolgens handel met die bewyswaarde van hierdie getuienis.

[9] Die mededeling deur beskuldigde 1 aan Pelser is natuurlik hoorsê getuienis. Geen poging was hoegenaamd deur die Staat aangewend om hierdie hoorsê getuienis toelaatbaar verklaar te kry teen die appellant soos voorsien in artikel 3 van die Wysigingswet op die Bewysreg Nr. 45 van 1988 nie.

**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

In **S v NDHLOVU** 2002 (2) SASV 325 (HHA) lui die kopstuk die volgende in hierdie verband:

> "A trial court, in applying the hearsay provisions of the Act, must be scrupulous to ensure respect for the accused's fundamental right to a fair trial. Safeguards, including the following, are important: Firstly, a presiding judicial official is generally under a duty to prevent a witness heedlessly giving vent to hearsay evidence. More specifically, under the Act, it is the duty of a trial Judge to keep inadmissible evidence out, and not to listen passively as the record is turned into a papery sump of 'evidence'. Secondly, the Act cannot be applied against an unrepresented accused to whom the significance of its provisions have not been explained. Thirdly, an accused cannot be ambushed by the late or unheralded admission of hearsay evidence. The trial court must be asked clearly and timeously to consider and rule on its admissibility. This cannot be done for the first time at the end of the trial, nor in argument, still less in the court's judgment, nor on appeal. The prosecution, before closing its case, must clearly signal its intention to invoke the provisions of the Act, and, before the State closes its case, the trial Judge must rule on admissibility, so that the accused can appreciate the full evidentiary ambit she or he faces."

> Dit is duidelik dat niemand betrokke by die verhoor van die appellant en sy mede-beskuldigdes ooit begryp het dat die beweerde mededeling aan Pelser hoorsêgetuienis ten aansien van die appellant daarstel nie. Die hele kwessie van hoorsêgetuienis was nêrens, ook nie in die landdros se uitspraak nie, ter sprake nie. In elk geval het beskuldigde 1 hierdie beweerde mededeling later onder eed ontken. Dit illustreer eintlik maar net dit wat ervarenes in die regspleging almal lankal weet en dit is dat beskuldigings teen andere wat deur verdagtes aan die polisie gemaak word, so meer of min die onbetroubaarste vorm van hoorsê getuienis denkbaar is.

[10] Beskuldigde 2 se getuienis in die hof dat beskuldigde 1 en appellant die gesteelde items by hom aangebring het, word deur sy eie getuie, Lukas, wie se getuienis onaangeveg staan, weerspreek. Lukas se getuienis is ook deur die landdros in sy uitspraak aanvaar.

[11] Dit blyk dus dat die getuienis wat die appellant betrek by die misdryf óf ontoelaatbare getuienis is óf deur aanvaarde ander getuienis weerspreek word. Sulke getuienis het nie ‘n antwoord van die appellant geverg nie. Die feit dat hy nie getuienis afgelê het in sy eie verdediging nie, kan hom dus nie verkwalik word nie.

[12] Dit dien ten slotte gemeld te word dat die landdros se steun op beskuldigde 1 en 2 se getuienis in die hof vir appellant se skuldigbevinding om ‘n ander rede ook nie houdbaar is nie. Beskuldigde 2 se getuienis was daarop gerig om homself te

verontskuldig en die skuld op beskuldigde 1 en die appellant te pak. Daardie getuienis is deur die landdros as vals verwerp. Beskuldigde 1 se getuienis dat die appellant hom gehelp het om die gesteelde goedere in beskuldigde 2 se voertuig te laai, is ook as vals verwerp. Dit is onverstaanbaar hoe dieselfde getuienis wat nie redelik moontlik waar is om beskuldigde 1 en 2 te verontskuldig nie, dan weer bo redelike twyfel waar kan wees om appellant te impliseer. Dit maak net nie juridiese sin nie.

Bygevolg slaag die appèl en word die appellant se skuldigbevinding en vonnis tersyde gestel.

**C.B. CILLIé, R**

Ek stem saam.

**S. EBRAHIM, R**

Ek stem saam.

**C.J. MUSI, R**

Namens die appellant: Mnr. P.L. van der Merwe
In opdrag van:
Bloemfontein Regsentrum
BLOEMFONTEIN

**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

Namens die respondent: Adv. S. Chalale
In opdrag van:
Direkteur van Openbare Vervolgings
BLOEMFONTEIN

/sp